2. Sleutelwoorde:

1. Wat is sleutelwoorde of sleutel frases?

   Sleutelwoorde is die belangrikste woorde in 'n sin. Ons onderstreep die woorde sodat ons die inligting beter kan verstaan.

2. Waar gebruik ons sleutelwoorde?

   a. By begripstoets
   b. Woordsomme
   c. Wanneer ons opsommings maak
   d. Wanneer ons navorsing doen
   e. Wanneer ons 'n vraestel antwoord
   f. Wanneer ons inligting opsoek in naslaanbronne, bv 'n woordeboek, die indekse van bronne en die internet
   g. Wanneer ons beplanning doen of breinkaarte opstel

3. Hoekom gebruik ons sleutelwoorde:

   Deur sleutelwoorde te gebruik verkort ons die inligting en fokus ons net op die belangrikste feite. Sonder die gebruik van sleutelwoorde neem dit ons langer om al die feite te leer en neer te skryf.

   Dit help ons ook om vrae te ontleed en beter te verstaan.